## DIE TOEKOMS VAN DIE AFRIKAANSE VOLKSKULTUUR

## UIT DIE STANDPUNT VAN DIE LETTERKUNDIGE

Die begrip kultuur is tydens hierdie simposium so gedurig aan die orde dat dit vir my oorbodig sal wees om breedvoerig daarop in te gaan. Ek sal volstaan met enkele aspekte daarvan te beklemtoon wat nodig is vir my betoog — dit sal nóg wees op die gevaar af van herhaling van wat reeds gesê is.

Die oorsprong van die Latynse woord „cultura" is veelseggend. Dit hang saam met die werkwoord „colere": verbou, versorg, en met „cultus", die aanbidding van die gode, en die begrip behels tans al die bedrywighede van die mens om sy bestaan te verseker, te veraangenaam en te verryk, stoflik én geestelik. In die primitiewe samelewing is dit alles nog geintegreer: die jag, die landbou, die verdediging, gesag, regsuitoefening, maatskaplike en sedelike instellinge, die cultus met sy magíe, en sy simboliese handelinge, een van die oorspronge van die kuns later. By verdere ontwikkeling en ontsluiting sal elkeen van hierdie funksies gedifferensieer word tot afsonderlike, meer bewuste bedrywigheid maar met behoud van 'n sekere samehang. Só word die goddelike opdrag van Gen. 1 : 28 en 2 : 19 vervul waar die mens gebied word om oor die skepping te heers en deur naamgewing die sin daarvan te deurgrond.

Hieruit vloei belangrike eienskappe voort:

1. Kultuur is dus iets van die hele gemeenskap, die hele volk in al sy geledinge, al sal die respektiewelike bydrae van die verskillende dele van die volk wissel na gelang van omstandighede. Die beperking van die betekenis van die woord tot die hoëre geesteswerksaamhede, soos bv. die filosofiese denke en die kuns, is 'n verenging wat vir die doel van ons bespreking die gevaar inhou dat dit 'n ware begrip van die wese van kultuur kan belemmer.

2. Een van die verwarringe waartoe daardie verenging lei, is die opvatting dat die kultuur, wat die geheel is van al die strewinge van die hele volk op al die lewensterreine, stoflik en geestelik, iets afsonderliks is wat om sigself en

bewus nagestreef en bevorder kan word, iets wat gemáák kan word.

3. Hoe gedifferensieerd en gespesialiseerd die verskillende werksaamhede mag word waaruit die kultuur bestaan, daar bly 'n onderlinge verband bestaan, ook met die cultus, die godsdienstig-sedelike, ook waar dit hom openbaar as verset teen, ontkenning van die godsdiens en die sedelikheid.

4. Juis omdat kultuur die produk is van die hele volk op al die lewensterreine, word dit gekenmerk deur 'n groot verskeidenheid in die eenheid. 'n Lewenskragtige kultuur word daarom gekenmerk deur spanninge, selfs stryd: spanning, stryd bv. tussen die oue en die nuwe, die ideële en die pragmatiese, stad en land, indiwidu en gemeenskap, ens. Hierdie stryd is nie 'n simptoom van insinking, dekadensie nie, maar juis 'n teken van lewe en lewewekkend.

5. Die algemene lewenswet van die vereiste van groei, ontwikkeling geld ook hier. Die belemmeringe vir daardie groei van: enersyds star-formalistiese, geestelik-trae vashou aan tradisie, andersyds die wilde lote van onbesonne, onbeheerste emansiepasiedrang, skep in werklikheid 'n geesteswrywing wat onvermydelik en onmisbaar is. Ek wil hier met instemming aanhaal die uitspraak van 'n skrywer wat u in my betoog waarskynlik nie sou verwag het nie, die in die estetiese opgaande Lodewijk van Deyssel: „De ware levenshouding is in twee doelen te splitsen: het stand-vastige en het veranderende. Beide moeten te gelijk leven en telkens tot een nieuwe samestelling komen. Die alleen standvastig is, verdort, die alleen verandert, verwaait".

6. Die kultuur van 'n lewenskragtige volk sal op die duur oor sy grense heen invloed uitoefen, dit sal ook die invloed van ander volke ondergaan. Elke volk is in mindere of meerdere mate ingebed in 'n gemeenskap van stam- en geesverwante volke. Daar is bv. die Wes-Europese kultuurgemeenskap, waartoe ons behoort en op beskeie skaal ons bydrae lewer. Om ons daarvan te isoleer sou onmoontlik wees, wat nie beteken dat ons kritiekloos mag aanvaar wat van buite ons grense binnekom nie. Die selfstandige verwerking, die kritiese opneem en verwerping van sulke invloede in ooreenstemming met eie identiteit is die toets van 'n lewenskragtige kultuur.

7. Ten slotte: wanneer ons ons in hierdie simposium besin op die begrip kultuur, dan is ons besig met iets wat baie reëel en baie essensieel maar ook vol imponderabilia is, met 'n verskynsel wat die samespel van 'n groot aantal veelal nie deur die bewuste wil beheerbare faktore is. Deur die verskeidenheid in die eenheid is ook die opvatting van wat die wesenlike van 'n volk se kultuur is, onvermydelik sterk gekleur deur die beginsel en ideale van die besinner daarop. So word dit bv. maklik die projeksie van 'n geïdealiseerde verlede op die hede.

Dis 'n onweerlegbare feit dat die Afrikaner se kultuur sy grondslae het in sy Calvinistiese oorsprong, hoewel nog tydens die Nederlandse bewind met 'n sterk liberalistiese inslag van die ideë van die Franse Rewolusie — het nie selfs Paul Kruger hom beroep op die „vox populi vox Dei" nie?

Onlangs het ons van 'n bekende politikus gehoor dat die Afrikaner se lewensbeskouing gefundeer is in die Calvinisme in teenstelling tot sy Engelse landgenoot se geestelike teelaarde wat fundamenteel liberaal en pragmaties is. Hoewel ek daarvan oortuig is dat hierdie gedagtegang 'n kern van waarheid bevat, laat 'n nadere betragting van die eerste deel van sy vergelyking ernstige vrae by ons oprys. Ons grondwet erken God nog as die Beskikker oor ons lotgevalle, die sitting van die Volksraad word nog daagliks geopen met gebed, die S.A.U.K. ruim daagliks vier maal 'n plek in vir die huisgodsdiens en saai Sondae kerkdienste uit, godsdiensonderwys vorm deel van die leerplan op ons skole, op ons volksfeeste erken ons nog steeds die leiding van God in ons geskiedenis en dat ons 'n Godgegewe roeping het. Dis almal dinge waarvoor ons dankbaar is en waarin ons ons onderskei van die meeste Westerse volke — dink slegs aan die Verenigde State van Amerika waar propagering van die Christelike godsdiens in die staatskole by wet verbode is.

Maar is ons werklik die Calvinistiese volk wat ons ons noem en wat ons so graag wil wees? Só graag dat Calvinisme dreig om 'n modewoord te word waaronder die vreemdsoortigste opvattinge en beginsels saamgevat word. As ons let op diepgaande verskynsels op allerlei gebied, hoe ons orals klakkeloos modes van elders navolg wat voortspruit uit gans ander, on- of anticalvinistiese ideologieë, op die bewondering, veral deur ons jeug, van filmsterre wat grotendeels 'n sede-

lose lewe lei en propageer in hulle kuns, in hulle egskeidings eintlik niks minder as gereglementeerde owerspel bedrywe nie, op die gretige verslinding van minderwaardige lektuur, die ongeërgde wyse waarop die norme van die „permissive society" ook by ons deur baie aanvaar word, op die opportunisme in die sakewêreld, die dualisme in ons wetenskapsbeoefening wat slegs die resultate van moderne navorsing aanvaar sonder ook maar 'n poging of die behoefte om na te gaan hoe dit in verband gebring moet word met die grondbeginsels van Gods Woord wat ons wél op die geskeie terrein van die kerk erken — as ons op dit alles let kan ons dan so selfversekerd sê dat die Calvinisme nog die grondslag van ons kultuur, van ons volksidentiteit is en ons daarmee wil troos dat die genoemde verskynsels slegs aan die periferie en van verbygaande aard is en hulle elders veel hewiger openbaar? Wat kan lei tot die nog somberder vraag of ons nog kan praat van 'n Afrikaanse kultuur met 'n eie toekoms? Mens se antwoord daarop sal afhang of jy as blote buitestaander, as pessimis, as sinikus slegs passief betrag wat aangaan in die volkslewe, dan wel of jy as hewig belangstellende, as direk betrokkene, as gelowige idealis normatief, aktief daarteenoor staan, jou oortuiging besit van wat grondliggend was in ons kultuur, dit in kern nog is en moet bly.

Wie die laasgenoemde instelling besit, sal egter moet waak teen die al te simplistiese opvatting van kultuur as iets wat bewus na 'n vasgestelde patroon gemáák word, met kategoriese verwerping van alles wat nie in daardie dogmatiese patroon pas nie en van die waardevolle bydraes van deur God begaafde andersdenkendes. Hy sal ook die geesteswrywinge aanvaar as die onmisbare spanninge waarmee alle lewe en groei gepaard gaan.

Staan my toe om hierdie inleidende gedeelte af te sluit met 'n beeld: As ons nie hou van die vrugte van ons kultuurboom nie, daarin selfs vir ons geestelike gesondheid skadelike sappe proe, dan verwerp ons hulle — maar nie die boom nie. Op die boom is ons aangewese vir ons leeftog. Die vrugte self kan ons nie regdokter nie. Ons moet aandag gee aan die boom. Maar dié staan in die wind en weer van Gods natuur, is onderhewig aan storm en droogte, ryp en versengende hitte. In 'n broeikas, weg van die natuur, kan ons hom nie plaas nie. Ons kan slegs trag om hom te versorg met die middele wat

in ooreenstemming met sy eie aard, die wette van die natuur is, sy wilde lote en dorre takke uitsny, hom die regte voedsel en water op sy tyd gee.

Só eenvoudig is die saak egter ook nie! My beeld, soos alle beelde, gaan mank — die vrugte van die natuurboom beïnvloed nie hulle voortbrenger nie; hulle val af of word gepluk, hulle kan hoogstens by te welige drag die boom uitput. Maar die kultuur is nie slegs vrug van die volkslewe nie — dis ook 'n magtige en subtiele verdere formeerder daarvan. Dít maak die probleme so moeilik — oplos sal ons dit in ons sondige bedeling nie. Maar dit bly ons roeping om ernstig daaraan te arbei.

Tot die waardevolste, van die mees verstrekkende invloed, van 'n volk se kultuur behoort sy kuns en sy letterkunde, en dis veral op hierdie gebied dat daar telkens, soos tans by ons, sulke hewige meningsverskille ontbrand, wat deur baie verkeerdelik gesien word as verskille tussen letterkundiges en die sedelik-godsdienstige leiers. Elke sinvolle bespreking van die literatuur as kultuurverskynsel moet uitgaan van die erkenning van die wese van die literêre kunswerk, wat nie ingedwing kan word in 'n patroon waarin dit van buite af 'n dienstaak opgelê word vreemd aan sy eie aard nie. Die diens wat die kunswerk lewer, lewer dit uit die noodwendigheid van sy wese en nie op voorskrif van buite nie, selfs nie op voorskrif van die kunstenaar self nie. Ons mag dit nie die taak oplê om die godsdienssin, die sedelikheid, die vaderlandsliefde en allerlei ander goeie dinge te bevorder nie. Die ware kunswerk sál dit doen, maar nie omdat dit aan hom opgedra word en ook nie op die manier waarop menige kultuurmentor dit aan hom wil voorskryf nie.

Die literêre kunswerk kom tot ons as 'n individuele skepping en wil beoordeel word na sy eie strukturele wette. Dit wil nie sê dat dit los staan van die volkslewe, die volkskultuur nie. Inteendeel, dit leef daarmee in noue verband. Maar daardie verband is nie altyd dadelik aanwysbaar nie, is dikwels vir latere geslagte duideliker as vir die tydgenoot. Dit moet nie gesoek word in die behandeling van 'n nasionale tema nie. Is Van Wyk Louw se *Raka*, sy *Drie Diere* in laaste instansie minder volksverbonde as sy *Gedagtes, Liedere en Gebede van 'n Soldaat*, Opperman se *Scriba van die Carhonari* minder as sy *Gebed om die Gebeente?* Die volksverbondenheid

openbaar hom dikwels juis as verset, lojale verset teen gevestigde opvattings en instellings. En wat vir menige onstelde tydgenoot voorkom as 'n roekelose ontkenning van religieus en etiese waardes, is dikwels juis die verbete stryd daarvoor, die stryd teen verstarring, die platloop van heilige-tempeltjies. Nie altyd nie — al te dikwels gebeur dit dat onder die dekmantel van l'art pour l'art die kunswerk misbruik, verlaag word tot middel om 'n uitdagende lewenshouding te propageer. Om hier suiwer te onderskei is 'n uiters moeilike taak, veral vir die tydgenoot, wat self binne die geestesworstelinge van sy tyd staan, nie altyd die nodige afstand vir perspektief het nie. Dit verg van hom erns en eerlikheid.

Die kunsgeskiedenis, die literatuurgeskiedenis lê hulle o.a. daarop toe om die verband tussen die kunstenaar en sy tyd na te speur. Tereg, want die kunstenaar is inderdaad spieël van sy tyd. So kan ons in groot trekke die ontwikkeling van die Wes-Europese geestesontwikkeling en -lewe aflees uit die groot tydstyle: Romaans, Goties, Renaissance, Barok, Klassisisme, Romantiek, laat-negentiende-eeuse individualisme en die groot strominge wat gedurende die twintigste eeu daarop volg. Maar dit kan lei tot 'n eensydige, onessensiële siening. Die grootheid van 'n kunstenaar word bepaal deur die mate waarin hy bo daardie tydstyl uitstyg tot iets universeels, tot wat geld vir alle tye, hom teen sy tyd inwerp, baan breek vir nuwe ideë, nuwe lewe, nuwe vorme. Daar is 'n ander belangrike aspek waarop gewys moet word. Die kuns vind sy aandrif en sy boustof in die konflikte op al die terreine van die menslike lewe. Smart, vreugde, hoop, geloof, twyfel, vrees, angs, die sonde in al sy verskyningsvorme is sy boustowwe. Maar daardie gegewens kan by die beskouer, die leser onmiddellike reaksies en assosiasies oproep buite die verband om waarin die kunstenaar dit verwerk het en teen sy bedoeling in. Die leser stel dan sy eie reaksie in die plek van die strekking wat die kunswerk deur sy struktuur aanbied. Dit geld veral van die letterkunde wat as sy verbeeldingsmiddel die woord het. Die woord bly ook in die letterkundige kunswerk die begripsdraer wat dit in die gewone lewe is, maar op 'n ander, oneindig ryker wyse. Deur die veel groter ontginning van die evokatiewe krag van sy klank en ritme, deur sy strukturele aanwending roep dit allerlei assosiasies op, suggereer dit verbande en perspektiewe wat nie gesê kan word nie. Dit word

soos die lied van Keats se nagtegaal:

> The same that oft-time hath
> charm'd magic casements, opening on the foam
> of perilous seas, in faery lands forlorn.

As hierdie nie in een belynde begrip ingeperkte woord, waarin verskillende wêrelde deur mekaar speel, sy eerste impak het op die verbeeldinglose, geestelik trae of onrype leser wat dit slegs op sy sigwaarde in die daaglikse lewe, buite die strukturele verband in die kunswerk kan aanvaar, gebeur daar ongelukke, moet dit lei tot wanbegrip en miskenning. Ek hoef slegs te verwys na die deur baie so gewraakte „God se klong" in Opperman se „Kersliedjie".

Natuurlik moet ons ook op die letterkundige gebied waaksaam wees t.o.v. die toekoms van ons kultuur, jaloers waak oor wat ons as ons geestelike erfenis beskou. Maar dan moet ons dit doen met 'n besonne, op studie berustende insig in sowel die letterkunde en kultuur, anders gaan ons twee wanbegrippe aan mekaar meet, en onloënbare feite ontken. Dan word ons Don Quichottes wat teen windmeulens veg, karikature wat my laat dink aan die geestige spotprent van die stokou Engelse major wat, ingedommel na sy afterdinner port, opgeskrik word deur 'n lugbombardement van Londen en as hy deur die opening van 'n weggerukte muur die vlamme sien opslaan, uitroep: „Judging by the illuminations, I fancy Mafeking must be relieved at last".

Jare gelede het 'n dame uit Gereformeerde kring by 'n bespreking van C. M. van den Heever se beste roman, *Laat Vrugte*, haar skerp kritiek op die hals gehaal omdat sy die werk gunstig beoordeel het. Daar kom dan in voor van 'n jong paartjie wat oor die tou getrap het! Op haar verdediging: „maar dit gebeur tog!" was die antwoord: al gebeur dit, praat jy nie daaroor nie, want dit hoort nie te gebeur nie! En is dit Van Bruggen destyds nie ernstig kwalik geneem dat hy Ampie se swaksinnige moeder haar seun speels met miskoeke laat gooi nie?

Dis gevaarlik as dergelike „kritiek" aanvaar word as kultuurbeskerming, kultuurbou.

Ons kort geskiedenis vandat ons as gekonsolideerde volk ons kan verheug in 'n eie letterkunde, kan dien as waarskuwing. Daardie letterkunde begin met direk en eksplisiet uiting

te gee aan die nasionale nood: die oorlogspoësie, en kort daarna in die prosa die kommer oor die armblankedom. Maar van die begin klink ook die stem op van die eenling se worsteling met die raaisels van die lewe: Eugène Marais, Leipoldt, Toon van den Heever. Daarna kom die Dertigers, destyds in wye kring uitgekryt om hulle „voortreflike onverstaanbaarheid", gewantrou as onnasionaal, van verdagte etiese en godsdienstige opvattinge. Vandag word besef hoe hierdie „kritiek" misgetas het.

Preller het reeds die siening gehad van die digkuns van 'n nasie wat „so hoog opgeskiet is, bôkant die stille luwte van eige land-leegtes en koppe uit, dat 't méedein in die ruimere kuns-koers van 'n wijere wereld-beweging". Die Afrikanervolk is nie meer 'n geïsoleerde groepie pioniers „aan die voetenent van die donker Kontinent", 'n enklave, 'n geestelike kolonie nie maar deelgenoot aan en medeskepper van die Westerse kultuur, en ons sal in toenemende mate ervaar dat wat elders lewe, ook by ons tot openbaring kom, hoewel dit by ons dikwels eers later kom en sy eerste impuls en vormgewing van die ouer kultuurlande kry. Om slegs enkele voorbeelde te noem: teen die einde van die vorige eeu kom daar in Europa die deurbraak van die finale verset teen die eeue-ou opvatting van getroue realistiese weergawe van die werklikheid, die „cópieerlust des dagelijkschen levens" as hoogste kunsstrewe. Dat hierdie omwenteling ook by ons plaasgevind het, moet nie gesien word as blote navolging nie maar as onvermydelike ontwikkeling. Nuwe opvattings van die roman, die poësie, die drama kon nie by ons deurdring as blote navolging nie maar as noodwendige ontwikkeling omdat die Afrikaner as moderne mens, as moderne kunstenaar dieselfde ontwikkelingsfase bereik het. Dat die groot massa vreemd staan teenoor die nuwe dinge, dit as aangewaaide vreemde dinge beskou, is nie iets tipies Afrikaans nie — dit gebeur oral, totdat dit gevierde mode word.

Ons staan weer voor 'n verwarring op kunsgebied; vir baie is dit 'n verwildering. Dis deel van 'n internasionale verskynsel. Ek gaan my nie opwerp as onverdeelde bewonderaar van baie wat vandag op die terrein van die kuns en die literatuur aangebied word nie. Daaronder is heelwat wat onder nouliks verwerkte invloed van oorsese strominge volksvreemd bly, indruis teen ons sedelike en godsdienstige oortuigings,

werk wat die kuns bewustelik gebruik om rewolusionêre sedekodes te propageer en dus juis 'n verloëning is van die gevierde „kuns om die kuns", heelwat wat bly vassteek in eksperiment, sensasie- en modesug, soos dit maar in alle tye by alle volke was. Daaronder is ook werk waarvan ek oortuig is dat dit later, soos tans reeds vir ernstige kritici, net blyk die estetiese vergestalting te wees van die mens se eerlike soeke na waarheid — juis waar dit kom in die vorm van wrange humor, van skerp hekeling van die hedendaagse maatskappy en moraal.

Ten slotte: in die jare dertig het ek teenoor die kritiek dat baie van die toe opbloeiende digkuns so ver staan van die positief-Christelike geloof, die vraag gestel of ons bedenkinge en bekommernis nie eerder moet wees nie dat die kuns wat in daardie geloof sy aandrif vind, so skaars is. Dis tans nóg die geval, en die verklaringe en verskonings wat vir hierdie verskynsel aangevoer word, kan ek ook tans nie aanvaar nie: bv. dat die Christen nie die stryd, die „gemis" sou ken waaruit kuns gebore word nie, dat sy religieuse lewe die skep van en behoefte aan kuns, wat tog estetiese versoening van die teenstellings in die lewe is, oorbodig maak. Wie het groter innerlike stryd, worsteling met God geken as die geloofsman én sondaar Dawid, en dit geopenbaar in sy poësie? Daardie gawe van kunsskepping en -genieting het God die mens gegee om hom volledig uit te lewe tot eer van sy Skepper, en Hy het dit ons ook ná die val tot ons troos laat behou, sy dit dan verduister deur die sonde. Elkeen besit hierdie gawe in sy oneindige verskeidenheid van openbaringe in minder of meerdere mate, al is dit ook maar soos Leipoldt se Hotnot wat

op (sy) ou ramkietjie
met nog net een snaar
speel in die maanskyn
deurmekaar.

Ek het met groot belangstelling en met instemming die interessante en prikkelende beskouinge in die Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van Christelike Wetenskap van September 1968 en Februarie en April 1969 gelees waarin resp. prof. T. T. Cloete, drs. L. Dekker en die romanskryfster Bertha Smit hierdie probleem weer bespreek. Hoewel ek 'n vraagteken bly plaas agter die benaming Christelike kuns as aanduiding van 'n essensiële begrip,

omdat die lewensbeskouing wel 'n belangrike stukrag tot die ontstaan van 'n kunswerk is maar dit nie sy gehalte gee nie, is ek dit met hulle eens dat die oortuigde Christen 'n belangrike bydrae tot ons letterkunde kan en moet maak. Die toekoms van ons letterkunde, van ons kultuur hang vir my selfs ten nouste daarmee saam of die Christelike geloof in ons volk so 'n sterk en lewendige krag sal wees dat Afrikaners met die gawe van skoonheid-skepping deur innerlike drang gedryf sal word om te getuig van die openbaring wat hulle as kunstenaars ontvang het van die misterieuse inwerking van God in die lewe vol konflik en duisterheid. Dan sal die ban gebreek word van die eksistensialistiese frustasie en angs en twyfel waarin ons letterkunde tans grotendeels verkeer.

Dit beteken nie dat so baie, belangrike letterkundige skeppinge van deur God begaafdes wat uit 'n gans ander lewensbeskouing leef, nie ten nouste by daardie toekoms betrokke is nie.

G. Dekker.

Potchefstroom.